

# Potchefstroom se stigting : 1838 én 1839

G.N. van den Bergh

Departement Geskiedenis

Potchefstroomse Universiteit vir CHO

OOR DIE JARE heen kon historici nie ooreenkom of die stigting datum van Potchefstroom 1838 of 1839 was nie. Met die herdenking van die 150-jarige bestaan van die dorp is die kwe sie opnuut en dikwels onder die loop geneem.

Die doel met hierdie bydrae is om aan te dui dat 'n noukeurige ontleding van die terminologie van die beperkte getal primêre bronne daarvoor, beide standpunte ondersteun. Verwarring oor die aangeleentheid spruit teweens ook nie uit die bronne self nie, maar kan teruggevoer word na navorsers wat dorpsstigting as 'n gebeurtenis sien, terwyl dit eintlik 'n proses is. In die meeste gevalle is 'n juiste omskrywing van dié proses onbelangrik omdat kerngebeure soos proklamasie, opmeting en besetting in dieselfde kalenderjaar plaasgevind het. By Potchefstroom word die ongeveer vier maande wat tussen proklamasie en besetting verloop het, egter 'n struikelblok wat tot meningsverskille lei.

In 'n onlangse artikel word die polemiekie oor Potchefstroom se stigtingsdatum juis duidelik geïllustreer.<sup>1</sup> Dit is geskryf deur P.F. van der Schyff na aanleiding van twee verslae wat ek opgestel het oor die datum waarop onderskeidelik Klerksdorp en Potchefstroom gestig is. Die verslae het gespruit uit die aanspraak van die Klerksdorpse stadsraad dat die dorp sy ontstaan verder as Potchefstroom kan terugvoer.<sup>2</sup> In die lig van laasgenoemde se beoogde 150-jarige herdenkingsfees (in 1988), het die Potchefstroomse stadsraad my in 1985 versoek om Klerksdorp se aanspraak te ondersoek en, in 'n latere opdrag, om die stigtingsdatum van Potchefstroom aan te dui. My bevinding was dat Potchefstroom in ongeveer November 1838 'geproklameer' is.

In sy artikel bevrageet Van der Schyff bogenoemde bevinding en betoog hy dat Potchefstroom eers in 1839 beset is. Aangesien my verslag aan die stadsraad nie vir publikasie ingeklee was nie, verwelkom ek die geleentheid om hier my argumentasie aan 'n meer histories-georiënteerde leserskring uiteen te sit.

## OMSTREDE STANDPUNTE

### Ontstaansdatum 1838

Van der Schyff beweer dat ek 'die kategoriese stelling (maak) dat die ontstaansdatum van Potchefstroom, te wete November of Desember 1838, nie betwis kan word nie.'<sup>3</sup> Die verwysing is hier na my eerste verslag waarin ek die terloopse opmerking maak dat aangesien die verslag uitsluitlik oor die stigtingsdatum van Klerksdorp handel, ek die stigtingsdatum van Potchefstroom, wat algemeen as November of Desember 1838 aanvaar word (ook deur die Klerksdorpwoordvoerder, R. Marx), nie terselfdertyd ondersoek het nie. Dit was juis waarom die Potchefstroomse stadsraad dit aan my opgedra het om ook die grondlegging van Potchefstroom te bepaal. Hieruit het die tweede verslag — en die enigste wat ek oor die stigting van Potchefstroom uitgebring het — gespruit. Van der Schyff verwys daarna as 'n latere stadium' waarin ek 'oor 1838 as vestigingsdatum begin twyfel het.'<sup>4</sup>

My bevinding in die tweede verslag was dat die besluit om Potchefstroom te stig voor die einde van 1838 aan die Sandrivier geneem is. Sonder om my standpunt of uiteen te sit of te betwis, meen Van der Schyff dit moet 'as histories onverantwoord verwerp word'.<sup>5</sup> Hy verskans homself egter teen argumentvoering deur daarop te wys dat sy artikel bloot handel 'oor die waarskynlikste datum waarop die nederset-

ting aan die Mooirivier gestig is' en nie oor 'die omstredeheid rondom norme waarvolgens dorpe of stede se ouderdom bepaal word' nie.<sup>6</sup>

Van der Schyff se bevinding wentel uiteindelik daarop neer dat Andries Hendrik Potgieter en sy mense hul Transvaalse plase eers in Februarie/Maart 1839 beset het en dat die besetting van Potchefstroom logieserwys daarmee saamgeval het. Die bronne wat hy aanhaal om laasgenoemde te bevestig, bevat almal terminologie wat op vestiging dui: 'vestigden zich', 'bouwde ... eene stad', 'vestigde ... een dorp', 'de Stad ... aangelegd', en nog ander.<sup>7</sup>

Met hierdie bevinding gaan ek, soos in die tweede verslag aangetoon, gerieflik akkoord. My verslag het naamlik nie oor die dorp se besetting gehandel nie, maar oor sy oorsprong. In gemelde artikel gebruik Van der Schyff woorde soos 'stigting', 'vestiging', 'oorsprong', 'nedersetting' en 'aanleg' asof almal dieselfde handeling veronderstel. En in sy slotwoord word die begrippe 'vestiging' en 'stigtingsdatum' as sinonieme voorgelê. (Hieroor later meer.)

### Ontmoeting tussen Potgieter en Pretorius

In my verslag oor Potchefstroom se stigting verwys ek na die ontmoeting tussen Andries Pretorius en 'die Potgieter-party' waarvan Pretorius in 'n brief gedateer 24 Februarie 1839 melding maak.<sup>8</sup> Ook B. Liebenberg is van mening dat Potgieter toe al in Transvaal gevestig kon gewees het.<sup>9</sup> Volgens Van der Schyff het Potgieter egter nog aan die Sandrivier gestaan en verwys die 'grootte moeyte' waarvan Pretorius melding maak, na die ompad wat hy moes reis om by die Sandrivier uit te kom.<sup>10</sup> Sou dié verklaring aanvaar word, kan die argument seker ook geldig wees dat Potgieter vir die ontmoeting van die Mooirivier na die Sandrivier gegaan het ten

<sup>1</sup> P.F. van der Schyff, 'Potchefstroom se stigting: 1838 of 1839?', *Contree* 25, April 1989.

<sup>2</sup> Kyk G.N. van den Bergh, 'Verslag aan Stadsraad Potchefstroom, 16 April 1985', p. 17, en 'Verslag aan Stadsraad Potchefstroom, 20 Julie 1987', p. 15 (albei in Potchefstroom Museum). Ook R. Marx, 'Wanneer is Klerksdorp gestig?', *Overvaal Museaanuus* 11(4), Desember 1984, pp. 12-13, en 'Watter is die oudste dorp in Transvaal?', *Contree* 19, Januarie 1986, pp. 28-31.

<sup>3</sup> Van der Schyff, 'Potchefstroom se stigting', p. 22 e.v.

<sup>4</sup> *Ibid.*, p. 28. Die getuienis van J.G.J. van Vuuren, W.P. Grobbelaar en J.L. Pretorius in die Keate-stukke is eweneens deur my gesit as voorbeeld van 'ander primêre brongegroepes wat enigins lig werp op die stigtingsdatum van Potchefstroom' en nie as bewysplase vir 'n besetting in 1838 nie.

<sup>5</sup> *Ibid.*, p. 26.

<sup>6</sup> *Ibid.*, p. 22 (nota).

<sup>7</sup> *Ibid.*, p. 23; kyk ook Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria (TAB), Lautsversameling A3, band 11, no. 1516: 'Potgieter met zyn geselschap (na) deze plaats getrekt'.

<sup>8</sup> H.S. Pretorius en D.W. Krüger (reds.), *Voortrekker-argiefstukke, 1829-1849* (Pretoria, 1937), p. 50 (R.24/39).

<sup>9</sup> B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal* (Pretoria, 1977), p. 49.

<sup>10</sup> Van der Schyff, 'Potchefstroom se stigting', p. 26.

einde Pretorius die *groter* moeite te bespaar wat 'n reis na Potchefstroom sou meebring.

### Gebrek aan primêre bronne

Met 'n aanduiding van die uiteenlopende uitsprake van historici ten gunste van 1838 of 1839 besluit Van der Schyff dat 'geen finale uitsluitel' uit sekondêre bronne verkry kan word nie en dat 'n 'kritiese ontleding en evaluering van primêre bronne' die vraagstuk moet ontrafel. In my argument om 'proklamasie' vind hy, sonder betoog, dat 'feit en spekulasie' moeilik te onderskei is. Die uitnodiging word ten slotte aan my gerig om 'met ander bewyslewering of nuwe bronne' vorendag te kom, omdat my 'aannames nie bronnetoetsing kan deurstaan nie.'<sup>11</sup>

Dit is bekend dat die 'Potgieter-argief' nie langer bestaan nie en dat historici oor die Trekleier se doen en late min sekerheid het. Wanneer Potgieter en sy ondersteuners bestudeer word — ook wat hul bydrae tot die grondlegging van Potchefstroom betref — is dit byna vanselfsprekend dat die ondersoek met 'n beperkte mate van sekerheid en oorwoë gissing gepaard sal gaan.

Die enkele feite oor die stigtingsgeskiedenis van Potchefstroom lê hoofsaaklik opgesluit in die herinneringe of terloopse verwysings van tydgenote vervat in die Odé-stukke,<sup>12</sup> die Keate-arbitrasie-verklaringe,<sup>13</sup> 'n verklaring van die Transvaalse deputasie van 1883,<sup>14</sup> Joubert se reisjoernaal<sup>15</sup> en die 'Viator'-verslag.<sup>16</sup> Nie een van die bronne verwys *per se* na die oorsprong van Potchefstroom nie, maar skets hoogstens die sosiale, politieke en geografiese milieu waarteen die stigting plaasgevind het. Selfs die stellings oor nedersetting waarop Van der Schyff hom toespits, is vol teenstrydighede. Kortom, daar is nie genoeg feite in genoemde primêre bronne om hul betragting in afsondering te regverdig nie.

By gebrek aan voldoende getuigenis moet die navorser hom dus op historiese verbeelding beroep om die hoofmomente van Transvaal se besetting deur die Voortrekkers te rekonstrueer. My uitgangspunt is dat die besetting 'n aanloop gehad het en nie — soos Van der Schyff skynbaar glo — spontaan geskied het nie.

### AANLOOP TOT DIE BESETTING VAN TRANSVAAL

Toe Potgieter teen middel-1838 uit Natal na die Transoranje terugtrek, was hy steeds van voorneme om hom by Louis Tregardt aan die Soutpansberg aan te sluit ten einde daaraan met die Portugese in verbinding te tree. Tregardt se vertrek na Lourenco Marques (Maputo) sonder Potgieter, het laasgenoemde laat besluit om hom op die Transvaalse Hoëveld te vestig. Hy het egter voorlopig in die Sandrivier-omgewing gebly omdat daar in die eerste plek onsekerheid geheers het oor waar Mzilikazi en sy Ndebele was nadat 'n Voortrekker-strafekspedisie hulle in November 1837 heeltemal verslaan en verdryf het. 'n Tweede rede vir Potgieter se besluit om in die Transoranje aan te bly, het verband gehou met die algemene onstabiliteit in Natal.<sup>17</sup>

'n Aantal gebeure in die laaste sowat twee maande van 1838 was deurslaggewend in Potgieter se besluit om Wes-Transvaal wel te beset. Eerstens is 'n sterk verkenningpatroolie uitgestuur om Mzilikazi en die Ndebele te probeer opspoor. Daarbenewens het die Kaapse gesant, veldkornet Gideon Joubert, twee besoeke aan die Voortrekkerlaers in die Sandrivier-omgewing gebring. Sy opdrag was om te verseker dat geen swartes teen hul sin deur die Voortrekkers uit die Kaapkolonie geneem is nie en om die emigranteboere daarop te wys dat hul onafhanklikheid nie deur Brittanje erken sou word nie. Joubert het die laers op 29 en 30 Oktober 1838 aangedoen en, met sy terugkeer uit Natal,

weer op 1 en 2 Desember. 'n Laaste gebeurtenis wat tot Potgieter se besetting van die Wes-Transvaalse gebied aanleiding gegee het, was die Slag by Bloedrivier.

### GIDEON JOUBERT SE ONTMOETING MET POTGIETER

In my verslag huldig ek die volgende standpunt: ten tyde van Joubert se eerste besoek was Potgieter nie by sy laers nie; hy het reeds op die verkenningstog vertrek en toe hy vasstel dat Mzilikazi die gebied ontruim het, het hy moontlik besluit om ook die aanlegterrein vir die toekomstige Potchefstroom te verken. Van der Schyff meen dat Potgieter wel in sy laers was en dat die patrollie nie voor vroeg-1839 uitgegaan het nie. Die botsende bevindings wentel hoofsaaklik om uiteenlopende vertolkings van Joubert se joernaalinskrywing vir 30 Oktober:

(ik) rysde met 2 man te paart naar hendrik potgieter wiens lagers verspryt lagen langes de Sand revier af gelukkig trof ik potgieter syn veltkornet G Kruger en enige besitters van apprentisen aan op 2'uur te paart ...<sup>18</sup>

Vir my dui dit daarop dat hy Potgieter se veldkornet daar aangetref het — Van der Schyff vertolk dit weer as Potgieter *en sy* veldkornet. Daar is meer argumente vir laasgenoemde vertolking. Joubert wat die vorige dag in Jakob de Klerk se laer was, sê dat hy 'naar *hendrik potgieter*' gegaan het. As Potgieter op patrollie was, sou De Klerk dit seker gewet het en sou Joubert nie die rit onderneem het nie; anders sou hy gesê het 'naar hendrik potgieter *syn lagers* ...', of iets dergeliks. Die vraag ontstaan egter waarom Joubert dit as 'gelukkig' beskryf dat 'n ontmoeting tog plaasgevind het. Het hy dalk gewet dat Potgieter nie in die laers sou wees nie, maar dat hy gelukkig Potgieter se segsman daar raakgeleef het? 'n Tweede argument dat Joubert wel vir Potgieter ontmoet het, word gevind in die plaasregisters waarna Van der Schyff verwys. Dit is opvallend dat in die 'Vrystaatse register', waarin plase in die Sandrivier-geweste aangeteken is, geen plase na 29 Oktober — die dag van Joubert se aankoms — vir die res van 1838 opgeneem is nie.<sup>19</sup> Dit kan geargumenteer word dat Potgieter die opdrag daartoe self moes gegee het en dus steeds in die laers sou gewes het. Dit is egter ook moontlik dat veldkornet G. Kruger om wie plaasregistrasie onder die Potgieter-groep in Wes-Transvaal gewentel het, ook ná Potgieter se verhuising na Ohrigstad,<sup>20</sup> self vir die opskorting van plaasaantekeninge verantwoordelik kon gewes het.

<sup>11</sup> *Ibid.*, pp. 23-24 en 28.

<sup>12</sup> TAB, Korrespondensie van die Staatssekretaris (SS) 4063, Odé-stukke.

<sup>13</sup> TAB, SS463, 'Keate Award'.

<sup>14</sup> ZAR, *Offisiele bescheiden betreffende de Conventie van Londen* (1883), pp. 28-29; C.3841-1884 *Further correspondence respecting the affairs of the Transvaal and adjacent territories* (Londen, 1884), pp. 113-114 (C. = British Parliamentary Papers).

<sup>15</sup> Kaapse Argiefbewaarpark, Kaapstad (KAB), CO2778: Siviele kommissaris Colesberg — Regeringssekretaris, 23.12.1838 (ingesluit Joernaal van G.D. Joubert, 19.12.1838), p. 304 e.v.

<sup>16</sup> *De Zuid-Afrikaan*, 19.6.1840 (Supplement: 'Viator'-verslag). Kyk ook *The Natal Advertiser*, 31.6.1921 (Kinloch-joernaal).

<sup>17</sup> W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I* (Kaapstad, 1968), p. 666.

<sup>18</sup> KAB, CO2778: Joernaal van G.D. Joubert.

<sup>19</sup> TAB, Registrateur van Aktes (RAK) 2433, Plaasrequestenregister, 1839-1851: Folio 3, inskrywings 109 en 110.

<sup>20</sup> Pretorius en Krüger (reds.), *Voortrekker-argiefstukke*, p. 192 (R.111a/45: Instruksies aan G. Kruger). 'n Afsonderlike studie hieroor nader voltooiing.

Die historikus Chris Venter maak melding van 'n vorderingsverslag wat Gideon Joubert, die dag voor sy besoek aan die Potgieter-laers, van De Klerk se standplaas af aan die siviele kommissaris van Winburg geskryf het. Daarin verwys hy na Potgieter se voorgenome ekspedisie na Transvaal.<sup>21</sup> Dit wil dus voorkom asof Potgieter in der waarheid toe nog in sy laers kon gewees het. Wat egter vir die onderhawige argument betekenisvol is, is die verwysing na die op hande synde patrollie of ekspedisie.

#### POTGIETER GEREED OM TRANSVAAL TE BESET: BEGIN-DESEMBER 1838

Volgens Van der Schyff het Gideon Joubert eers met sy tweede besoek aan die Potgieter-laers die nuus meegedeel dat Voortrekker-onafhanklikheid nie erken sou word nie. Dié standpunt gaan nie op nie, want hoewel Joubert tydens sy eerste besoek nog nie skriftelike instruksies vir sy sending ontvang het nie,<sup>22</sup> het hy reeds vroeër met goewerneur George Napier oor die onafhanklikheidskwessie en die swartes in die binneland samesprekings gevoer.<sup>23</sup> Hy sou dus nie vergeet het om Potgieter dienooreenkomstig in te lig nie, veral omdat hy spesifiek opdrag ontvang het om dit by elke geleentheid aan 'the more intelligent persons, or who have the most influence with them' oor te dra dat die Voortrekkers se vertrek uit die Kaapkolonie onwettig was en dat hul heil in terugkeer gelê het.<sup>24</sup>

Met sy tweede besoek het Potgieter, en moontlik ook sy 'Raad', die Kaapse gesant te woord gestaan. Potgieter het skynbaar slegs gewag om Joubert se geskrewe instruksies self te lees<sup>25</sup> voordat hy, ná oorlegpleging met sy raadgewers, 'n 'onafhanklikheidsverklaring'<sup>26</sup> of proklamasie opgestel en agter Joubert aangestuurd het vir deursending aan Napier. Teen dié tyd was die verkenningsstog reeds afgehandel. In sy skrywe aan Napier vermeld Potgieter die twee strafekspedisies wat in 1837 teen Mzilikazi onderneem is. Van der Schyff meen dat indien die verkenning ten tyde van die skryf van die brief reeds afgehandel was, Potgieter uitdruklik daarna sou verwys het.<sup>27</sup> Maar die eerste twee togte koppel Potgieter aan vergelding en aangesien die derde bloot op verkenning ingestel was, sou vermelding daarvan buite verband gewees het.

Potgieter stel dit egter dat Mzilikazi so ver gevul het dat 'wy niet weet waar hy is'.<sup>28</sup> Dit was immers juis om hierdie feit te bepaal dat die verkenningsstog onderneem is. Daarmee stem Van der Schyff saam, terwyl P.J. van der Merwe daarop wys dat die patrollie Mzilikazi nie kon inhaal nie en van 'n mindere hoof verneem het dat hy Transvaal verlaat en noordwaarts gevul het.<sup>29</sup> Vandaar die tweede deel van Potgieter se opmerking.

Ten slotte het die Transvaalse Vryheidsdeputasie in 1883 (waarvan Paul Kruger 'n lid was) verklaar dat die patrollie teen die einde van 1838 uitgegaan het.<sup>30</sup> Kruger se oudagherinneringe dat die gebeurtenis in 1839 plaasgevind het — en waaraan Van der Schyff voorkeur gee<sup>31</sup> — kan nie hierteen opweeg nie.

Met Joubert se tweede besoek, 'n maand na die eerste, was Potgieter dus reeds oorgehaal om Transvaal te beset. Ek stem saam met D.J.P. Haasbroek<sup>32</sup> dat Joubert se besoek(e) slegs die deurslag gegee het. Die vermoede dat die Potgietergroep teen einde Oktober 1838 gereed was om na Transvaal uit te brei, word gesteun deur die staking van plaasregistrasie vir die gebied suid van die Vaal met Joubert se eerste besoek (op 29 Oktober).<sup>33</sup>

Al wat Potgieter in daardie stadium nog van die besetting van Transvaal weethou het, was die uitslag van die Bloedrivierslag en die terugkeer van Jakob de Klerk en sy mense wat hulp aan die Natallers gaan verleen het.<sup>34</sup>

#### DIE PATROON VAN VOORTREKKERDORPSTIGTING

Van der Schyff argumenteer dat Potchefstroom eers vroeg in 1839 beset is en 'dat dit dan eintlik die stigtingsdatum van Potchefstroom is' aangesien die dorp nie gestig kon gewees het terwyl Potgieter nog fisies aan die Sandrivier gestaan het nie.<sup>35</sup> So 'n standpunt (dat sowel die besetting van die dorp as die plase in die gebied geen aanloop gehad het nie) is om die verhaal in die middel te begin. Besetting, wat sekerlik nie by wyse van 'n planlose *Völkerwanderung* geskied het nie, is deur ander handelinge voorafgegaan.

Alle Voortrekkerdorpe het onderskeibare fases in hul vestiging deurgemaak. Hoewel nie altyd ewe konsekwent of deur tydenote omlyn nie, kan onderskei word tussen behoefte, terreinverkenning deur regeringskommissies, verkryging van die gekose terrein deur die staat, proklamasie, opmeting, die uitgrawe van watervore, die aanwys van regerings- en kerkerwe, die aanstelling van amptenare, beskikbaarstelling van erwe en laastens amptelike besetting. Die vraag is: waar langs hierdie chronologiese lyn is die geboortedatum van die dorp? Dit kan alleenlik by proklamasie wees wat die enigste moment is wat normaalweg aan 'n enkele datum gekoppel kan word; en dit skei terselfdertyd die beplanning van die uitvoerende fase. Die beswering van die probleem van die grondlegging van Potchefstroom lê dus in die vasstelling van die proklamasiedatum.

Weens gebrek aan sekere kennis hieroor by Potchefstroom, kan na die analogie van ander Voortrekkerdorpe se stigting gekyk word. In die geval van Weenen, Winburg, Pietermaritzburg, die 'tweede' Potchefstroom, Lydenburg, Rustenburg en Pretoria het dorpstigting binne 'n bestaande bevolkingskern geskied.<sup>36</sup> By Pretoria en Rustenburg is proklamasie voorafgegaan deur die vestiging van 'n gemeente

<sup>21</sup> C. Venter, 'Gideon Daniel Joubert: leiersfiguur op die Kaapkolonie se noordgrens, 1838-1858' (D.Litt. et Phil., Unisa, 1985), p. 107.

<sup>22</sup> *Ibid.*

<sup>23</sup> *Ibid.*, pp. 96-97.

<sup>24</sup> J. Bird (red.), *The annals of Natal, 1495 to 1845, I* (Africana Collectanea Series 14, Kaapstad, 1965), p. 415 (Instruksies aan Joubert, 16.10.1838).

<sup>25</sup> Pretorius en Krüger (reds.), *Voortrekker-argiefstukke*, p. 29 (R.20/38, 3.12.1838, art. 2: '... wy verstaan ook uyt de enstructie van Jubert dat ...').

<sup>26</sup> *Ibid.*, p. 317 (R.141/48: Potgieter — Lt.-goew. Smith, 15.5.1848; Potgieter noem dat sy brief 'door my en eenige myner medemenschen' gestuur is).

<sup>27</sup> Van der Schyff, 'Potchefstroom se stigting', p. 26.

<sup>28</sup> Pretorius en Krüger (reds.), *Voortrekker-argiefstukke*, pp. 29-31 (R20/38).

<sup>29</sup> P.J. van der Merwe, 'Die Voortrekkers en die Matebeles', *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 49(2), 1986, p. 276.

<sup>30</sup> ZAR, *Officiële bescheiden betreffende de Conventie van Londen* (1883), pp. 28-29.

<sup>31</sup> Van der Schyff, 'Potchefstroom se stigting', p.24.

<sup>32</sup> D.J.P. Haasbroek, 'Die geskiedenis van Potchefstroom, 1838-1881' (M.A., PUvCHO, 1955), p. 5.

<sup>33</sup> TAB, RAK2433: Folio 3. Gedurende Junie 1838 is in die streek 38 plase aangeteken, in Julie 12, Augustus 21, September 7 en Oktober 29. In November en Desember was daar geen registrasie nie.

<sup>34</sup> KAB, CO2778: Joernaal van G.D. Joubert, inskrywings vir 29 Oktober en 22 November 1838. Kyk ook Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, p. 15.

<sup>35</sup> Van der Schyff, 'Potchefstroom se stigting', p. 28; ook Haasbroek, 'Gesiedenis van Potchefstroom', p. 5, en C. Potgieter en N.H. Theunissen, *Kommandant-generaal Hendrik Potgieter* (Johannesburg, 1938), p. 114.

<sup>36</sup> Anders as in die geval van Klerksdorp waar dorpstigting uit die ontdekking van goud geskied het en geen verband hou met die Schoonspruit-nedersetting nie. Kyk G.N. van den Bergh, 'Is Klerksdorp die oudste dorp in Transvaal?', *Contree* 18, Julie 1985, p. 9.



Bouwal in 'Ou Dorp' ('eerste Potchefstroom'), 1976.

FOTO: POTCHEFSTROOM MUSEUM

of 'kerkplaats'.<sup>37</sup> In die geval van Ohrigstad, Schoemansdal en die 'tweede' Potchefstroom het dorpsstigting (soos by die 'eerste' Potchefstroom of 'Ou Dorp') saamgeval met pioniersontplooiing van die Potgieter-mense en is amptelike dokumente uiters skaars of selfs onbekombaar.

Oor die totstandkoming van Ohrigstad het insiggewende inligting tog behoue gebly. Die voorspel tot stigting daar het oor etlike jare gestrek. Die behoefte aan die dorp kan trouens tot die aanvang van Potgieter en Tregardt se trekke teruggevoer word. Uit Natal en die Potchefstroom-geweste is verkenningstogte tussen Desember 1843 en Mei 1844 onderneem en grondbesitreg bevestig voordat verskuiwing daarheen teen Mei 1845 plaasgevind het.<sup>38</sup> Op 30 Julie het Ohrigstad sy naam gekry en was die dorpsgrond se omvang reeds bepaal. Pas daarna is met bouwerk aan die watervoor en die opmeting en beskikbaarstelling van erwe begin.<sup>39</sup>

Dieselfde patroon is met die 'tweede' Potchefstroom herkenbaar. Die behoefte om die oorspronklike dorp te verskuif, het gespruit uit ontevredenheid met die terrein waarop die dorp aangelê was.<sup>40</sup> Dit is gevolg deur die keuse van 'n nuwe terrein, onteiening van gedeeltes van die plase Witrand, Elandsheuvel en Wilgeboom, opmeting van die nuwe dorpsgronde op 5 Desember 1841 en 21 Januarie 1842, die grawe van die watervoor en opmeting en toekenning van erwe. Tussendeur het die Adjunkraad die dorp op 26 November 1841 geproklameer.<sup>41</sup>

Daar is dus geen rede om te vermoed dat die proses in die geval van die 'eerste' Potchefstroom anders sou verloop het nie.

## PROKLAMASIE VAN POTCHEFSTROOM IN DESEMBER 1838

Onder die enkele bronne wat spesifiek lig op dorpsproklamasie werp, tel die herinneringe van twee van Potgieter se seuns, A.H. en H.J. Potgieter. Eersgenoemde plaas die 'aanleg' van Potchefstroom tussen die brief aan Napier en die Slag by Bloedrivier,<sup>42</sup> dit wil sê tussen 3 en 16 Desember 1838. Die ander stel dit duideliker: '... 't was in deze tijd [terwyl Potgieter aan die Sandrivier was] dat voort 't latere dorp, Potchefstroom, de grondslag werd gelegd'.<sup>43</sup> Wat in laasgenoemde geval betekenisvol is, is die stelling dat Potchefstroom sy oorsprong gehad het vóór die intog in Transvaal. Iets soortgelyks kan moontlik gelees word in die woorde van J.P. Marais, soos deur Van der Schyff aangehaal: 'Potgieter is aan Mooirivier gaan zetten en zijn menschen waren van plan om waar Potgieter was een dorp aan te leggen'.<sup>44</sup>

Die enigste getuie wat 'n presiese datum vir Potchefstroom se stigting aangee, is Barent Swart wat in die 1860's veldkornet vir die wyk Schoonspruit was. Sy woorde, volgens die herinneringe van 'n joernalis, was: 'Oudedorp was proclaimed a dorp on December 22, 1838'<sup>45</sup> — 'n datum wat goed korreleer met die waarskynlike ontvangs van die uitslag van die Bloedrivierslag. Van der Schyff verswyg in sy artikel my verwysing na dié bron in my verslag aan die Potchefstroomse stadsraad. Maar in 'n voordrag gedurende 1988 het

hy die mening uitgespreek dat Swart hom bes moontlik vergis het omdat sy datering te netjies inpas.<sup>46</sup> 'n Persoon wat onseker is, sou egter eerder praat van 'teen die einde van 1838' of 'gedurende Desember' — 'n mens moet juis baie seker van jou saak wees om dag en datum te noem!

Insiggelyks het die besetting van plase nie by wyse van 'n stormloop geskied nie. In die geval van die plaas Buysfontein het H.J. van der Merwe in 1871 tydens die Keate-arbitrasie verklaar: 'Potgieter gaf my verlof om te woon waar ik nu woon. Ik sprak met Potgieter te Zandrivier en daar gaf hy my verlof'.<sup>47</sup> Ek gee toe dat die verklaring op sigself nie, soos ek in my verslag aan die stadsraad vermeld het, 'n aanduiding van algemene plaastoekenning in Transvaal gedurende 1838 is nie. Maar dit dui wel daarop dat, soos met die proklamasie van Potchefstroom, plase in Transvaal uitgegee is terwyl Potgieter nog aan die Sandrivier was.

Ten slotte gaan dit hier natuurlik nie oor 'n volle jaar nie, maar hoogstens vier maande. Van historici sou dus verwag kon word om te volstaan met die breë uitspraak van J. Chris Coetzee dat Potchefstroom sy grondlegging terugvoer na 'die somermaande van 1838-1839'.<sup>48</sup> Maar met so 'n wydsbeentstandpunt was Potchefstroom se stadsvaders, te midde van die twis met Klerksdorp, begryplik nie te vinde nie. Hulle het op uitsluitel aangedring. Vandaar dus my bevinding dat die uiteenlopende datums wat vir die aanleg van Potchefstroom aangegee word, die vermoede wek dat daar ook verskillende fases in die ontstaan van die dorp was. Verder is my standpunt dat 'proklamasie van Potchefstroom' deur Potgieter aan die Sandrivier in ongeveer November 1838 plaasgevind het. Ek dui ook aan dat die hoofbeweging na Transvaal egter eers in ongeveer Februarie 1839 geskied het toe Potgieter self daarheen verhuis het.<sup>49</sup>

'n Onttrafeling van woordgebruik in primêre bronne bevestig dat Potchefstroom (en enige ander dorp) se stigting 'n bepaalde verloop gehad het. Proklamasie (en plaastoekenning) het reeds in 1838 aan die Sandrivier plaasgevind, terwyl besetting van die dorp en gebied in die eerste maande van 1839 gevolg het — iets waarmee Van der Schyff saamstem. □

*(Tot tyd en wyl nuwe bronne en gegewens aan die lig kom om Potchefstroom se stigtingsdatum bo alle twyfel te stel, word die debatvoering in hierdie tydskrif nou afgesluit — Redakteur.)*

<sup>37</sup> Kyk bv. *Suid-Afrikaanse argiefstukke*, Natal no. 1 (Kaapstad, 1958), p. 45 (Weenen); *Suid-Afrikaanse argiefstukke*, Transvaal no. 1 (Kaapstad, 1949), pp. 104 en 119 (Lydenburg) en p. 113 (Rustenburg); *Suid-Afrikaanse argiefstukke*, Transvaal no. 3 (Kaapstad, 1951), pp. 13 en 116 (Pretoria).

<sup>38</sup> A.P. van der Merwe, 'Die voorgeskiedenis van die Republiek Lydenburg' (M.A., UP, 1940), p. 63 e.v.

<sup>39</sup> *Suid-Afrikaanse argiefstukke*, Transvaal no. 1, p. 13 (Besluite van vergadering, 30.7.1845).

<sup>40</sup> Die moontlikheid dat die eerste nedersetting uit die staanspoor as tydelik beskou is, kan nie uitgeskakel word nie.

<sup>41</sup> Kyk my afsonderlike studie oor die 'tweede' Potchefstroom.

<sup>42</sup> G.S. Preller (red.), *Voortrekkeremense III* (Kaapstad, 1922), p. 7.

<sup>43</sup> *Ibid.*, p. 50.

<sup>44</sup> Van der Schyff, 'Potchefstroom se stigting', p. 25. My kursivering.

<sup>45</sup> *The Natal Advertiser*, 21.7.1921, p. 11.

<sup>46</sup> Kyk P.F. van der Schyff, 'Vestiging van Voortrekkers in Overvaal, 1836-1841' (ongepubliseerde referaat gelewer tydens die Groot Trek 150-konferensie, Potchefstroom, 19 Januarie 1988).

<sup>47</sup> TAB, SS463, 'Keate Award', p. 337.

<sup>48</sup> J.C. Coetzee, 'Gesiedenis van die onderwys in Potchefstroom, 1838-1938', in A.J.H. van der Walt (red.), *Potchefstroom 1838-1938* (Johannesburg, 1938), p. 123.

<sup>49</sup> Van den Bergh, 'Verslag aan Stadsraad, 1987', p. 15.